

GEVORDERDE-PROGRAM AFRIKAANS

Tyd: 3 uur

300 punte

LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR

1. Hierdie vraestel bestaan uit 2 bladsye. Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Beantwoord AL die vrae in hierdie vraestel.

Vraag 1: Tekste wat jy bestudeer het uit TWEE van die volgende genres:

- Prosa
- Drama
- Film

Vraag 2: TWEE Digtydperke uit die Afrikaanse Poësie

Vraag 3: Filosofiese besinning oor jou lees van die tekste wat jy bestudeer het in die kursus Gevorderde-program Afrikaans, sowel as jou eie uitgebreide leeswerk.

4. Nommer jou antwoorde presies volgens die nommers van die vrae.
 5. Begin elke antwoord op 'n nuwe bladsy.
 6. Elke antwoord moet die vorm aanneem van 'n eksak beredeneerde en deeglik gestaafde opstel. Daar is geen voorgeskrewe lengte vir die opstelle nie, slegs 'n verwagting dat jy akkuraat en met insig redeneer oor die tekste wat jy gelees het en dat jy beoog om jou eie stem en sienswyse na vore te bring in jou opstelle.
 7. Let asseblief daarop dat die gehalte van jou skryfstyl, die struktuur van jou argument, en die **vaardigheid en juistheid van jou gebruik van aanhalings (sowel as direkte verwysings na tekste)** in aanmerking geneem word wanneer jou antwoorde beoordeel word.
 8. Korrekte spelling, taalgebruik, en gepaste register, sowel as leesbaarheid, sal natuurlik in jou guns tel.
-

VRAAG 1

Skenk aandag aan die tema, "Min en Onmin", by beantwoording van hierdie vraag.

Hierdie vraag vereis dat jy noukeurig verwys na TWEE tekste vanuit elk van die TWEE genres (prosa, drama, film) wat jy bestudeer het: dit is altesaam **vier** tekste. (Jy **mag** na meer as twee tekste uit elk van jou gekose twee genres verwys.) Lees die volgende aanhaling noukeurig en reageer daarop volgens die opdrag.

Vrede is nie die afwesigheid van konflik nie, maar die skepping van 'n omgewing waarin almal kan groei, ten spyte van verskille van ras, kultuur, geloof, klas of geslag.

(Hans du Plessis)

Redeneer en evalueer **in watter mate** die tekste wat jy bestudeer het aan hierdie definisie van **vrede** [100]

VRAAG 2 Poësie

Hierdie vraag vereis dat jy na minstens DRIE gedigte vanuit ELK van die TWEE Digtydperke wat jy bestudeer het, sal verwys: dit is altesaam **ses** gedigte. Lees die volgende aanhaling noukeurig binne die konteks van jou keuse van gedigte.

Die kenmerk van 'n goeie gedig is dat dit baie moontlikhede van interpretasie bevat – nooit een vaste moontlikheid nie. Elke leser bring sy/haar lewenservaring na 'n gedig toe. Elke leser herskep die gedig vir hom/haarself.

(Petra Müller)

Bedink en bespreek noukeurig jou ervaring van gedigte en die manier waarop jy bestaande gedigte vir jouself kan nuut maak, met betekenisse wat **jou** raak, aan die hand van jou gekose gedigte. Onthou om te verwys na **inhoud**, maar ook na **vorm**.

[100]

VRAAG 3

By jou beantwoording van hierdie vraag word van jou verwag om te besin oor dit wat jy gelees het in jou GPA-kursus, sowel as jou eie uitgebreide leeswerk. Jy moet duidelik verwys na minstens DRIE voorgeskrewe GPA-tekste en TWEE tekste wat jy self gelees en bedink het om op 'n ietwat filosofiese wyse jou tekste te bespreek. Let asseblief op dat films hier ook as 'leeswerk' en tekste beskou word.

*Om werklik 'n boek te **lees** is nie 'n passiewe ervaring nie; dis 'n avontuur, 'n ontdekking, 'n waagstuk, 'n herskepping.*

(J. Visser)

Besin oor die tekste wat jy gelees het vir jou GPA-kursus sowel as jou eie uitgebreide leeswerk. Sou jy saamstem met Visser se passievolle opmerking oor die lees van tekste se impak op die leser? Verwys ook na die genre van jou leeswerk waar dit ter sake is.

[100]

Totaal: 300 punte